

GENERIESE BESTUURSKALENDER – SOMERREËN GEBIED

JUNIE & JULIE

Die NWKV se Produksie Advies Diens publiseer elke 2 maande 'n lys van bestuurs-aksies wat ons as belangrik vir die volgende 2 maande beskou. Dit sal u moontlik help om u veekudde beter te bestuur.

1 Suiplammers (Maart en April se lammers)

- 1.1 Doseer alle lammers ouer as 12 weke teen lintwurm en rondewurms. Verskaf ook Vit A en minerale (inspuitbaar of oraal).
Doseer lammers jonger as 3 maande teen melklintwurm.
- 1.2 Ent alle lammers (veral ooi-lammers) ouer as 12 weke teen siektes soos bloutong, slenkdal, bloednier en pasteurella. Ent vervangings-ooilammers teen ensoötiese aborsie. Maak waar moontlik van kombinasie entstowwe gebruik. Moenie lammers wat jonger as 3 maande is in-ent nie. Hulle sal waarskynlik van die bies se teenliggame in hul hê, wat sal veroorsaak dat hulle nie eie immuniteit sal opbou nie.
- 1.3 Speen alle lammers en selekteer vervangings-ooie.
- 1.4 Sodra die lammers drie maande oud is, kan die kruipvoeding gestaak word. Sorg egter dat hulle nou 'n goeie proteïen-lek met genoeg deurvloei proteïen ontvang – dit is veral nodig vir vervangings-ooitjies.

2 Ooie wat in Maart/April gepaar is

- 2.1 Scan ooie 5 tot 6 weke nadat die ram uitgehaal is. Ooie wat droog scan, kan verkoop word. Gebruik hierdie geld om dragtige (verkieslik 2tand) ooie in te koop.
- 2.2 Ooie moet 6 weke voor hulle lam teen pasteurella, bloednier, blou-uier, rooiderm (indien dit by u voorkom) en bloedderm (indien dit by u voorkom) ge-ent word. Voorts moet hulle teen inwendige parasiete ingespuit word en teen neuswurm gedoseer word. Let veral op vir lewerslak en peervormige slak, wat groot verliese in die wintermaande kan veroorsaak. Hierdie twee parasiete word veral met oop drinkwaters uit gronddamme geassosieer. Doseer ook met Vit A en minerale.

- 2.3 Maak seker dat hierdie ooie nie kondisie verloor nie. Kondisie-punt die ooie weekliks en gee kos of lek sodra die kondisie begin verswak. Let veral op na die kondisie van meerling- en tweetand-ooie. Hierdie ooie lyk gewoonlik goed omdat hulle buike baie uitsit, maar kan maklik kondisie verloor sonder dat dit sigbaar is. Ooie wat in 'n swak kondisie lam se melkproduksie is swak, die lammers groei swak en die daaropvolgende besetting is swakker.
- 2.4 Hierdie is die beste tyd van die jaar om teen neuswurm te behandel.
- 2.5 Begin om die lamkampe teen predatore te beskerm. Pak draadheinings onder toe en begin oplet na die bewegingspatrone van die predatore. Moenie hiermee uitstel totdat die lammers aankom nie, want dan het die lammers-oes u volle aandag nodig.

Belangrik: Moenie dragtige ooie met lewendige entstowwe soos Bloutong en Slenkdalkoors spuit nie. Dit kan aborsies veroorsaak. Lees die entstowwe se pamflette om seker te maak dat dit veilig is vir dragtige ooie.

4 Ooie met lammers

- 4.1 Doseer ooie met Vit A en minerale, veral as hulle lanklaas groen weiding gehad het, want dan sal die Vit A in die lewer waarskynlik laag wees. Let veral op vir blindheid, wat 'n simptoem van Vit A tekort is.

5 Ramme

- 5.1 Hierdie is 'n goeie tyd om die ramme op die plaas teen bloutong in te ent, want hulle werk gewoonlik nie hierdie tyd nie.

BELANGRIK: KONTAK U PLAASLIKE VEEARTS AS U OOR ENIGE VAN DIE DIERE-GESONDHEID AANBEVELINGS TWYFEL! MOENIE DRAGTIGE OOIE OF OOIE WAT BINNEKORT GEPAAR GAAN WORD, MET LEWENDIGE ENTSTOWWE SOOS BLOUTONG EN SLENKDAL IN-ENT NIE. DIT KAN ABORSIES OF SWAK BESETTING VEROORSAAK. LEES ALLE ENTSTOWWE, DOSEERMIDDELS EN VOERE SE PAMFLETTE NOUKEURIG DEUR OM U TE VERGEWIS VAN DIE VEILIGE GEBRUIK DAARVAN.